

Wat het gebeur?



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Psalm 100:3; Handeling 17:26; Génesis 2:7, 18–25; Génesis 1:28, 29; Génesis 3:15.

Geheueteks:

“En God het gesê: ‘Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis . . .’ En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.” (*Génesis 1:26, 27*).

Die Bybelse verslag van die Skepping van die mens beeld hoop, geluk, en volmaaktheid uit. Aan die einde van elke skeppingsdag was daar ‘n Goddelike verklaring dat dit “goed” was. Dit het definitief nie tifone, aardbewings, hongersnode en siektes ingesluit nie. Wat het dan gebeur? Die sesde dag van die Skepping het met die Goddelike verklaring geëindig dat dit “baie goed” was. Dit was omdat die HERE op daardie dag wesens, die mens, na Sy beeld geskape het. Nêrens anders in die Génesisverslag was dit gedoen nie. Hierdie wesens was natuurlik volmaak op elke gebied; hulle moes gewees het. Per slot van rekening, hulle was na die beeld van God geskape. Daarom is dit vanselfsprekend dat dit nie moordenaars, diewe, leuenaars, bedrieërs, en die gemenes in hulle midde ingesluit het nie. Wat het gebeur? Hierdie week se les kyk na die Skepping, na wat God aanvanklik geskep het, en dan na wat met daardie volmaakte Skepping gebeur het. Aan die einde van hierdie les word daar na hierdie kwartaal se tema verwys: wat God besig is om te doen om dinge weer reg te stel.

Hierdie week met die eerste oogopslag: Wat leer die Bybel ons oor oorspronge? Watter tipe verhouding wou God met die mens gehad het? Wat was die doel van die boom van die kennis van goed en kwaad? Watter hoop was aan Adam en Eva onmiddellik na hulle sondeval gegee?

* *Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 3 April.*

Skilpaaie al die pad . . .

“In die begin het God die hemel en die aarde geskape” (*Génesis 1:1*). Net nadat ‘n wetenskaplike ‘n lesing gegee het oor die wentelbane van die planeete rondom die son, en die wentelbaan van die son rondom die middelpunt van die melkweg, het ‘n ou dame met swart tenniskoene aan opgestaan en gesê het dat die aarde ‘n plat skyf op die dop van ‘n skilpad is. Die wetenskaplike het gekskerend vir haar gevra waarop die skilpad dan sit, en sy het geantwoord dat dit op ‘n ander skilpad sit. “Mevrou,” het die wetenskaplik grappenderwys voortgegaan, “waarop sit daardie skilpad dan?” Sy antwoord toe, “ ‘n Ander skilpad,” maar nog voordat hy kon vra waarop daardie skilpad dan sit, het sy haar vinger dreigend na sy gesig gewys en hom toegesnou, “Spaar jou asem, kêreltjie, dit is skilpaaie al die pad ondertoe.” Hoe kostelik dit ook al klink, weerspieël hierdie verhaaltjie die uitersbelangrike vraagstuk van die mens se bestaan — die aard van die heelal opsigself. Waaroor gaan hierdie wêreld waarin ons ons bevind sonder dat ons gekies het om hier te wees. Hoekom is ons hier? Hoe het ons hier gekom? En waarheen is ons uiteindelik op pad? Hierdie is die mees fundamentele vrae wat mense kan vra, want ons begrip van wie ons is en hoe ons hier gekom het, sal ons begrip van hoe ons leef en optree terwyl ons hier is, sterk beïnvloed.

Slaan die volgende verse na: Génesis 1:1; Psalm 100:3; Jesaja 40:28; Handeling 17:26; Efésiërs 3:9; Hebreërs 1:2, 10. Hoe beantwoord elkeen van hierdie verse onderskeidelik sommige van die vrae hierbo? Watter eienskap het hulle in gemeen?

Wat Génesis 1:1 (of selfs van die ander verse) interessant maak, is dat die HERE nie probeer om te bewys dat Hy die Skepper is nie. Daar is geen noukeurige uitgewerkte argumente om die punt te bewys nie. In plaas daarvan word dit net eenvoudig en verstaanbaar verklaar, sonder ‘n poging om dit te regverdig, te verduidelik of te bewys. Of ons aanvaar dit deur geloof, of ons doen dit nie. Dit is ‘n feit dat die enigste manier hoe ons dit kan aanvaar, net deur geloof is, en daar is een eenvoudige rede daarvoor: nie een van ons was teenwoordig om die Skeppingsproses te sien plaasvind nie. Dit sou inderdaad ‘n logiese onmoontlikheid gewees het vir ons om by ons eie skepping teenwoordig te kon wees. Selfs sekulariste, watter siening van oorspronge hulle ook al mag huldig, moet in so ‘n siening glo, net soos die skeppingsgelowiges dit vir dieselfde rede moet doen: niemand van ons was teenwoordig om dit te sien gebeur het nie.

Nietemin, selfs al het God ons gevra om in Hom as Skepper te glo, het Hy dit nie gedoen sonder om ons goeie redes daarvoor te gee nie. Met die wete dat daar ‘n sekere hoeveelheid geloof vereis word vir omtrent enigiets wat ons glo, skryf redes neer hoekom dit sin maak om te glo dat ons hier is omdat ‘n Skepper ons doelbewus hier geplaas het, in teenstelling met die moontlikheid dat ons oorspronge op niks anders as toeval gegrond is nie.

Na die beeld van die Skepper (*Génesis 1:27*)

Die Bybel verklaar dat God die mens geskape het – man en vrou — “na sy beeld” (*Génesis 1:27*). Gegrand op hierdie gedagte, beantwoord die volgende vrae:

1. Wat beteken dit dat God ons na sy eie beeld geskape het? Op watter maniere is ons “na sy beeld” geskape?

2. Het die HERE, volgens die Génesisverslag, enigiets anders as die mens “na sy beeld” geskape? Indien nie, wat sê dit oor ons unieke status in teenstelling met die res van die van die aarde se oorsprong? Watter lesse kan ons uit hierdie teenstelling leer?

3. Wat anders kan in die verslag van die skepping van die mens gevind word wat die menseras van enigiets anders wat die HERE geskep het, onderskei? Lees Génesis 2:7, 18–25.

Alhoewel ons menslike woorde gebruik wanneer ons oor God praat, moet ons nie vergeet dat Hy ‘n geestelike Wese is (*Johannes 4:24*) wat Goddelike karaktertrekke besit nie. Al wat ons kan sê, is dat ons fisiese, verstandelike en geestelike nature op een of ander manier ons Goddelike Skepper weerspieël, al is daar nog baie oor Hom wat nog vir ons verborge is. Die Bybel beklemtoon egter die geestelike en verstandelike vermoëns van ons verstande. Hierdie vermoëns kan ons ontwikkel en verbeter. Dit is die uniekheid van die menslike verstand wat ‘n opbouende verhouding met God moontlik maak, iets wat die res van enigiets in God se aardse skepping nie kan doen nie. Let ook op na die unieke verslag van hoe God die vrou gemaak het. Beide mans en vroue het die ongelooflike voorreg om na die beeld van God geskape te wees. Daar is geen aanduiding van minderwaardigheid van die een teenoor die ander nie. God het self beide van hulle uit dieselfde grondstof gemaak. God het beide van die begin af gelykgestel en hulle saamgebind in ‘n spesiale verhouding met Hom. Beide het dieselfde geleentheid gehad om hulle Godgegewe karakters op so ‘n wysete ontwikkel om eer aan Hom te bring. “God het self aan Adam ‘n gesellin gegee. Hy het ‘n ‘hulp’ voorsien ‘wat by hom pas’ – wat met hom ooreenstem – een wat geskik was om sy gesellin te wees en wat in liefde en meegevoel met hom een kon wees. Eva is uit ‘n rib gebou wat die Here uit Adam se sy gehaal het, en dit beteken dat sy hom nie as ‘n hoof moes oorheers nie, en dat hy haar nie as minderwaardige onder sy voete moes vertrap nie, maar dat sy as gelyke aan sy sy moes staan en hy haar moes bemin en beskerm.” — Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, bl. 46.

God en die mens se verhouding (*Génesis 1:28, 29*)

Let op na God se eerste woorde aan die mens soos wat dit in die Skrif voorkom. Hy vestig hulle aandag daarop dat hulle die vermoë het om voort te plant, om meer van hulle eie soort te reproduseer. Hy praat met hulle oor die aarde en die skepping, en Hy sê dat hulle dit moet versorg en beheer, en daarvoor moet heers. Hy wys na die plante wat hulle kan eet. Kortom, volgens die Bybel, het God se eerste woorde aan die man en die vrou spesifiek te doen gehad met hulle wisselwerking en verhouding met die fisiese wêreld rondom hulle.

Wat vertel Génesis 1:28, 29 ons oor hoe God die materiële wêreld sien? Impliseer dit dat daar iets slegs in die materiële dinge en ons genietinge daarvan is? Watter lesse kan ons uit hierdie vroeë tonele in die mens se geskiedenis leer oor watter verhouding ons met die skepping moet hê?

En, deur hierdie woorde, neem God die eerste stap om 'n verhouding met die mens te begin. Hy praat met hulle, gee aan hulle bevel, en vertel hulle wat hulle moet doen. In woorde is daar ook verantwoordelikheid opgesluit. God het hulle gevra om heersers oor hierdie wonderlike skepping wat Hy self geskep het, te wees.

Génesis 1:28 sê dat God Adam en Eva geseën het. Wat beteken dit? Watter soort verhouding impliseer dit tussen hulle en hulle Skepper?

God het met Adam en Eva as intelligente wesens wat op sy vriendelikheid en goedheid kon reageer, gepraat, en sodoende het hulle met Hom tyd deurgebring en samesyn met Hom geniet. Ook was Adam en Eva as skeppingskinders van hulle Skepper-Vader se seën en sorg afhanklik. Hy het alles wat hulle nodig gehad het, voorsien. Hulle het niks gedoen om dit te verdien nie. Hulle was net die ontvangers van iets waarvoor hulle nie gewerk het nie.

Wanneer ons oor die skepping van die man en vrou lees, kan ons nou, na die sondeval, beginsels raaksien van die soort verhouding wat God met ons wil hê soos dit voor die sondeval was. Hersien die dag se studie en kyk watter ooreenkomste jy kan vind wat ons sal help om te verstaan hoe ons met Hom in ons gevalle toestand kan skakel.

By die boom

“En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.” (*Génesis 2:16, 17*). Hierdie toets het aan Adam en Eva ‘n geleentheid gebied om hulle vrye wil te beoefen. Dit het hulle ook uitgedaag om positief of negatief op hulle verhouding met die Skepper te reageer. Dit toon ook dat God hulle as vrye, morele wesens geskape het. Per slot van rekening, indien hulle nie die geleentheid gehad het om ongehoorsaam te wees nie, hoekom sou die HERE moeite gedoen het om hulle in die eerste plek teen ongehoorsaamheid te waarsku?

“Alles voor hierdie hoofstuk het die weg gebaan vir hierdie klimaks [*Génesis 2:16, 17*]. Die toekoms van die ras is die middelpunt van hierdie enkele verbod. Die mens moenie deur ‘n menigte sake verwar word nie. Net een Goddelike voorskrif moet in gedagte gehou word. Deur so die aantal bevele tot een te beperk, gee Yahweh bewyse van sy genade. Daarbenewens, om aan te dui dat hierdie een bevel nie moeilik is nie, het die Here dit teen ‘n agtergrond van ruim vergunning geplaas: ‘Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet.’” — H. C. Leupold, *Exposition of Genesis* (Columbus, OH: Wartburg Press, 1942), vol. 1, bl. 127, (vry vertaal).

Deur Adam en Eva te beveel om Sy wil te gehoorsaam, het God gesê: Ek is julle Skepper, en ek het julle na My beeld geskape. Julle lewe word deur My in stand gehou, want deur My leef en beweeg en bestaan julle. Ek het alles vir julle welstand en geluk voorsien (onderhoud, huis, menslike kameraadskap), en julle namens My as heersers oor hierdie wêreld aangestel. As julle gewillig is om hierdie verhouding met My te handhaaf omdat julle My liefhet, dan sal ek julle God wees, en julle sal My kinders wees. En julle kan hierdie verhouding en die vertroue wat daarby ingesluit is, bekragtig, deur eenvoudig hierdie spesifieke opdrag te gehoorsaam.

Op die ou einde kan ons verhouding met God effektief en blywend wees net as ons vrylik kies om Sy wil te aanvaar. Deur sy wil te verwerp, is om in werklikheid onafhanklikheid van Hom te eis. Dit dui aan dat ons glo ons het Hom nie nodig nie. Dit is ‘n keuse wat lei tot ‘n kennis van die kwaad, en dit lei na vervreemding, eensaamheid, frustrasie en die dood.

Die toets wat God aan Adam en Eva gegee het, was om hulle lojaliteit en geloof te toets. Sou hulle getrou aan hulle Skepper bly wat in al hulle behoeftes voorsien het plus ‘n magdom genietinge daarby, of sou hulle hul eie pad onafhanklik van sy wil, loop? Sou hulle genoeg geloof in Hom hê om Hom op sy woord te neem? Hulle lojaliteit en geloof was by die boom van kennis van goed en kwaad getoets. Op watter maniere trotseer ons soortgelyke toetse elke dag? Hoe funksioneer God se wet teenoor die bevel in Génesis 2:16, 17?

Die einde van die verhouding

Ons neig daarna om in die mense wat ons ken, te glo, en instinkmatig diegene wat ons nie ken nie, te wantrou. Eva sou Satan van nature nie vertrou het nie. Daarby sou enige direkte aanval teen God haar verdedigend laat optree het. Watter stappe het Satan geneem om Eva se natuurlike skanse te vermy? (*Génesis 3:1-6*).

“Hoe beklagenswaardig Eva se oortreding en sorgwekkend die potensiële ellende vir die mensdom ook al was, het haar keuse nie noodwendig die menseras by haar straf betrek nie. Dit was die opsetlike keuse van Adam, met die volle wete van die uitdruklike bevel van God, wat die sonde en die dood en die onvermydelike lot van die mens bepaal het, en nie deur Eva se keuse nie. Eva was mislei; Adam was nie.” – *The SDA Bible Commentary*, vol. 1, bl. 231 (vry vertaal). As gevolg van hierdie blatante oortreding en veronagsaming van God se bevel, was die verhouding tussen God en die mensdom verbreek. Dit het van ‘n ope samesyn met God na ‘n wegvlug van Sy teenwoordigheid verander. (*Génesis 3:8-10*). Vervreemding en skeiding vervang kameraadskap en samesyn. Sonde het verskyn, en al die lelike resultate het daarop gevolg. As iets nie daaromtrent gedoen sou word nie, was die mensdom op pad na vernietiging.

Te midde van hierdie tragedie, watter woorde van hoop en belofte het God gespreek? (*Lees Génesis 3:15*).

God se verrassende aankondiging van profetiese hoop spreek van ‘n goddelike geordende vyandskap tussen die slang en die vrou, tussen haar Saad en sy saad. Dit het ‘n hoogtepunt bereik in die seëvierende verskyning van ‘n verteenwoordigende Afstammeling van die vrou se saad wat ‘n dodelike hou op die Satan se kop toegedien het, terwyl hy net die Messias se hakskeen kon byt. In hulle volslae hulpeloosheid was Adam en Eva bedoel om met hoop deur hierdie Messiaanse belofte gevul te gewees het, hoop wat hulle bestaan sou verander, want hierdie hoop was Godegewe en deur God ondersteun. Hierdie belofte van die Messias en sy finale oorwinning, hoe vaag dit ook al toe geklink het, het die somberheid van hulle sondige toestand verlig.

Lees Génesis 3:9 waar God aan Adam en Eva sê: “‘Waar is jy?’” God het natuurlik gewet waar hulle was. Sy woorde, in plaas van veroordelend, was bedoel om die skuldbewuste mense na Hom nader te trek. Kortom, God se eerste woorde aan die gevalle mens was met hoop, genade en ontferming gevul. Op watter maniere ondervind ons selfs nou hoe God poog om ons na Sy genade en goedertierenheid te roep?

Vir verdere studie:

Die Bybel loop oor met oproepe tot sondaars en afvalliges. Vergelyk Psalm 95:7, 8; Jesaja 55:1, 2, 6, 7; Lukas 15:3–7; Lukas 19:10. Weet jy van nog 'n paar ander? Lees Ellen G. White, “Die Skepping,” bl. 44–51; “Die Versoeking en die Sondeval,” bl. 52–62; en “Die Verlossingsplan,” bl. 63–70, in *Patriarge en Profete*. “Daar was 'n evangelieboodskap, dink ek, in daardie drie Goddelike woorde terwyl dit die digbegroeide ruigte binnegedring het en die suisende ore van die vlugtelinge bereik het — ‘Waar is jy?’ Julle God is nie gewillig om julle te verloor nie; Hy het gekom om julle te soek, net soos wat Hy bedoel het om later in die Persoon van sy Seun te kom, nie net om te soek nie, maar om te red wat nou verlore is.” — Charles Haddon Spurgeon, *The Treasury of the Bible* (Grand Rapids, MI: Zondervan Publishing House, 1962) Old Testament, vol. 1, bl. 11, (vry vertaal).

Vrae vir bespreking:

1. Omdat die minsame en omgee-God die Een is wat die mens soek, hoe kan ons op hierdie liefdevolle uitreiking deur die Vader en Jesus Christus selfs nou reageer? Hoe wil die Here hê moet ons reageer?
2. Kontrasteer die bybelse siening van die gevalle mensdom vanaf 'n verhewe posisie in God se Skepping wat nou verlossing nodig het, met die evolusieteorie oor ontwikkeling. Watter een bied meer hoop, en hoekom?
3. Hoe belangrik is liefdevolle verhoudings vir die mens se geluk? Hoekom is 'n florerende verbintenis met God vir sulke verhoudings nodig? Bespreek die invloed van gesonde menseverhoudinge op die persone in sulke verhoudings (ouers-kind, vriend-vriend, man-vrou, werkgewer-werknemer, ens.).

Opsomming: God het ons na Sy eie beeld geskape sodat 'n liefdevolle verbintenis tussen Hom en ons kon bestaan. Alhoewel die sondeval die oorspronklike eenheid met Hom verbrokkel het, is God besig om hierdie verhouding deur middel van die verlossingsplan te herstel. Die lewe vir ons as afhanklike wesens is net werklik betekenisvol en duidelik wanneer ons een word met ons Skepper.